ONTDEK Gids 2

ONS KAN DIE BYBEL GLO

Die beroemde muiters wat die Britse skip, die *Bounty,* laat sink het, het uiteindelik saam met hulle inheemse vroue op die eensame eiland, Pitcairn, in die Suidelike Stille-oseaan gewoon. Die groep het bestaan uit nege Britse matrose, ses Tahitiese mans, tien Tahitiese vroue en ‘n meisie van vyftien. Een van die matrose het ontdek hoe om alkohol te distilleer en dit was nie lank nie of dronkenskap het die eiland kolonie vernietig. Bakleiery onder die mans en vrouens het gewelddadige afmetings aangeneem.

Na ‘n rukkie het slegs een van die mans wat oorspronklik die eiland bereik het, oorleef. Maar hierdie man, Alexander Smith, het ‘n Bybel in een van die kiste wat van die skip af geneem is, ontdek. Hy het dit begin lees en die ander toe geleer wat daarin staan. Terwyl hy dit gedoen het, het sy eie lewe verander, en uiteindelik die lewens van almal op die eiland.

Die eilandbewoners was heeltemal afgesonder van die buitewêreld tot die aankoms in 1808, van die skip van die Verenigde State, die *Topaz.* Die bemanning het gevind dat die eiland ‘n vooruitstrewende, voorspoedige gemeenskap was met geen whisky, geen tronk en geen misdaad. Die Bybel het die eiland verander van ‘n hel op aarde na ‘n voorbeeld van wat God wil hê die wêreld moet wees. En dit is tot vandag nog so.

Praat God vandag nog steeds met mense deur die bladsye van die Bybel? Hy doen dit verseker. Terwyl ek hier skryf, kyk ek na die antwoordblad wat aan ons gestuur is deur ‘n student van een van ons Bybelkursusse. ‘n Nota onderaan die bladsy sê: “Ek is in die tronk, in die dodesel, gevonnis om te sterf vir ‘n misdaad. Voordat ek hierdie Bybelkursus gedoen het, was ek verlore, maar nou het ek iets om na uit te sien, en ek het ‘n nuwe liefde gevind.”

Die Bybel beskik oor ‘n krag wat in werklikheid mense se lewens kan verander. Wanneer mense werklik begin om die Bybel te bestudeer, word lewens dramaties verander.

1. HOE GOD DEUR DIE BYBEL MET ONS PRAAT

Nadat Adam en Eva, die eerste man en vrou op aarde, geskape is, het God van aangesig tot aangesig met hulle gespreek. Maar toe God hulle kom besoek het nadat hulle sonde gedoen het, wat het die paartjie gedoen?
“En hulle het die stem van die Here God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die Here God tussen die bome van die tuin.” – Genesis 3:8. *(Tensy anders vermeld, word alle Skrifgedeeltes in die ONTDEK Gids geneem uit die ou vertaling van die Afrikaanse Bybel.)*

Sonde het die van aangesig-tot-aangesig kontak met God verbreek.

Nadat sonde ons wêreld binnegekom het, hoe het God met mense gekommunikeer?
“Want die Here Here doen niks tensy Hy sy raadsbesluite aan sy knegte, die profete, geopenbaar het nie.” – Amos 3:7.

God het ons nie in die duister gelaat oor die lewe en die betekenis daarvan nie. Deur Sy profete - persone wat deur God geroep is om vir Hom te praat en te skryf – het Hy Sy antwoorde op die lewe se groot vrae geopenbaar.

2. WIE HET DIE BYBEL GESKRYF?

Terwyl hulle geleef het het die profete God se boodskappe weergegee deur die gesproke en die geskrewe woord, en toe hulle gesterf het, het hulle geskrifte nog voortgeleef. Hierdie profetiese boodskappe is toe versamel en onder God se leiding saamgestel in die boek wat ons die Bybel noem.

Maar hoe betroubaar is hulle geskrifte?
"Terwyl julle veral dit moet weet, dat geen profesie van die Skrif 'n saak van eie uitlegging is nie; want geen profesie is ooit deur die wil van 'n mens voortgebring nie, maar deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." – 2 Petrus 1:20, 21.

Die skrywers van die Bybel het nie volgens hulle eie wil of begeertes geskryf nie, maar net wanneer hulle gedrywe of geïnspireer is deur die Gees van God. Die Bybel is God se eie Boek!

In die Bybel vertel God ons meer van Homself en openbaar Hy Sy doelstelling met die mens. Dit toon aan ons God se beskouing van die verlede, en dit openbaar ook die toekoms. Dit toon aan ons hoe die probleem van sonde uiteindelik opgelos gaan word en hoe vrede weer op ons aarde sal kom.
Is die hele Bybel 'n boodskap van God?
"Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus." 2 Timotheus 3:16, 17.

Die Heilige Skrif beïnvloed die mens so geweldig omdat die 'hele' Bybel 'n deur-God-geïnspireerde dokument is, God se Boek. Die profete het in menslike taal weergegee wat hulle gesien en gehoor het, maar hulle boodskap het direk van God gekom. As jy dus wil weet waaroor die lewe handel, lees die Heilige Skrifte. Deur die Bybel te lees sal jou lewe verander word. Hoe meer jy dit biddend lees, hoe meer vrede sal jy in jou gemoed ervaar.

Dieselfde Heilige Gees wat die profete geïnspireer het om die Bybel te skryf, sal die leerstellings van die Bybel, die evangelie-boodskap, effektief maak om jou lewe te verander, as jy die Gees uitnooi om teenwoordig te wees terwyl jy die Bybel lees.

3. DIE EENHEID VAN DIE BYBEL

Die Bybel is in werklikheid 'n biblioteek van 66 boeke. Die 39 boeke van die Ou Testament is saamgestel van ongeveer 1450 v.C. tot ongeveer 400 v.C. , die 27 boeke van die Nuwe Testament tussen 50 n.C. en 100 n.C.

Die profeet Moses het die eerste vyf boeke van die Bybel begin skryf op 'n tydstip voor 1400 v.C. Die apostel Johannes het die laaste boek van die Bybel, Openbaring, teen ongeveer 95 n.C. op skrif gestel. Gedurende die 1 500 jaar tussen die skryf van die eerste en die laaste boeke van die Bybel, het ongeveer 38 ander geïnspireerde skrywers hulle bydraes gelewer. Party was sakemanne, ander skaapherders, vissermanne, soldate, geneeshere, predikers en konings – mense van alle range van die samelewing. Hulle het dikwels binne kontrasterende kulture en filosofië geleef.

Hierdie is egter die wonder van alles: Wanneer die 66 boeke van die Bybel, met die 1 189 hoofstukke wat uit 31 173 verse bestaan, bymekaargevoeg word, vind ons volmaakte eenheid en harmonie in die boodskap wat die oordra.

Veronderstel ‘n man kom klop aan jou deur en wanneer jy hom ingenooi het, plaas hy ‘n eienaardig gevormde stuk marmer op jou sitkamervloer en vertrek dan weer sonder ‘n woord. Ander besoekers volg na mekaar totdat daar ongeveer 40 individue was wat elkeen sy genommerde stuk marmer in posisie geplaas het.

Wanneer die laaste een vertrek, sien jy tot jou verbasing ‘n pragtige standbeeld voor jou staan. Dan vind jy ook uit dat die meeste van die ‘beeldhouers’ mekaar nog nooit ontmoet het nie, en dat hulle van Suid-Amerika, Sjina, Rusland, Afrika en ander dele van die wêreld afkomstig is. Tot watter gevolgtrekking sou jy kom? Dat iemand die standbeeld beplan het en aan elke man spesifieke afmetings gestuur het vir sy besondere stuk marmer.

Die Bybel as ‘n geheel, dra een samehangende boodskap oor – net soos ‘n perfekte marmer standbeeld. Een brein het dit alles beplan, God se brein. Die Skrfte se merkwaardige eenheid getuig daarvan dat alhoewel mense die gedagtes neergeskryf het, hulle deur God geïnspireer is.

4. JY KAN DIE BYBEL VERTROU

(1) Die bewaring van die Bybel is merkwaardig. Al die vroeë manuskripte van die Bybel is met die hand geskryf – lank voordat daar drukperse was. Skribas het afskrifte gemaak van die oorspronklike manuskripte en dit dan versprei. Duisende afskrifte van sulke manuskripte of gedeeltes daarvan het die tyd oorleef.
Hebreeuse manuskripte van die Ou Testament wat dateer van 150 tot 200 jaar voor Christus is in 1947 naby die Dooie See gevind. Dit is verbasend dat hierdie twee-duisend-jaar oue boekrolle presies dieselfde waarhede bevat as dit wat ons in die Ou Testament van vandag se Bybels vind. Dit is ‘n kragtige bewys van hoe betroubaar die Woord van God is.
Die apostels het aan die begin baie van die Nuwe Testament as briewe geskryf wat hulle gestuur het aan Christelike kerke wat gestig is na die dood en opstanding van Christus. Meer as 4 500 manuskripte van die hele, of ‘n gedeelte van die Nuwe Testament, word vertoon in die groot museums en biblioteke van Europa en Amerika. Party van hulle dateer so ver terug as die tweede eeu. Deur hierdie vroeë manuskripte met vandag se Bybel te vergelyk, kan ons maklik sien dat die Nuwe Testament ook essensieel onveranderd gebly het sedert dit oorspronklik geskryf is.
Die Bybel of gedeeltes daarvan, is tans in meer as 2 060 tale en dialekte vertaal. Dit is die wêreld se grootste verkoper: meer as 150 miljoen Bybels en gedeeltes van Bybels word elke jaar verkoop.

(2) Die historiese akkuraatheid van die Bybel is merkwaardig. Baie argeologiese ontdekkings het ook dramaties die egtheid van die Bybel bevestig. Historici het kleitablette en klip monumente ontdek wat die name, plekke en gebeurtenisse wat slegs deur middel van die Bybel bekend was, aan die lig gebring. So byvoorbeeld, het Abraham en sy familie volgens Genesis 11:31, “uit Ur van die Chaldeërs getrek om na die land Kanaan te gaan.” Omdat daar net in die Bybel van Ur gepraat word, het sekere geleerdes beweer dat so ‘n stad nooit bestaan het nie. Toe het argeoloë ‘n tempeltoring in die suide van Irak opgegrawe met ‘n silinder op die basis daarvan waarop daar iets in spykerskrif geskryf is wat die naam Ur bevat. Latere ontdekkings het aan die lig gebring dat Ur ‘n vooruitstrewende megastad was met ‘n hoogs ontwikkelde beskawing. Daardie stad se identiteit was vergete, slegs die Bybel het die naam bewaar – totdat die opgrawing van die argeoloë die egtheid daarvan bevestig het. En Ur is slegs een van baie voorbeelde van hoe die argeologie die akkuraatheid van die Bybel bevestig het.

(3) Die akkurate vervulling van Bybelse voorspelling bewys dat jy die Bybel kan vertrou. Die Skrifte bevat baie merkwaardige voorspellings van toekomstige gebeurtenisse wat nou voor ons oë vervul word. Sommige van hierdie opwindende profesieë sal in latere lesse ondersoek word.

5. HOE OM DIE BYBEL TE VERSTAAN

Terwyl u die Woord van God ondersoek, moet die volgende beginsels in gedagte gehou word:

(1) Bestudeer die Bybel met ‘n biddende gemoed. As jy die Skrifte benader met ‘n hart en gemoed wat geopen is deur gebed, word dit ‘n persoonlike kontak met Jesus (Johannes 16:13-14).

(2) Lees die Bybel elke dag. Daaglikse Bybelstudie is die sleutel tot krag in ons lewens, ‘n ontmoeting met die gedagtes van God. (Romeine 1:16).

(3) Terwyl jy die Bybel lees, laat die Bybel vir homself spreek. Vra: wat wil die Bybelskrywer hier sê? Deur te begryp wat ‘n teksvers beteken, kan ons dit intelligent op ons lewens vandag toepas.

(4) Bestudeer die Bybel volgens onderwerpe. Vergelyk Skrif met Skrif. Jesus het hierdie metode gebruik om te bewys dat Hy die Messias was.:
“En Hy het begin van Moses en al die profete af en vir hulle uitgelê in al die Skrifte die dinge wat op Hom betrekking het.” – Lukas 24:27.
Deur alles wat die Bybel oor ‘n sekere onderwerp te sê het, saam te voeg, verkry ons ‘n goeie perspektief.

(5) Bestudeer die Bybel om krag te ontvang om vir Christus te lewe. Die Woord van God word in Hebreërs 4:12 beskryf as ‘n skerp, tweesnydende swaard. Dit is meer as woorde op ‘n bladsy, dit is ‘n lewende wapen in ons hande om alle versoekings om te sondig af te weer.

(6) Luister wanneer God deur Sy Woord tot jou spreek. As ‘n persoon wil weet wat die Bybelse waarheid aangaande ‘n sekere onderwerp is, moet hy of sy gewillig wees om wat dit aangaande daardie waarheid leer, te volg (Johannes 7:17), nie wat ‘n sekere persoon dink, of wat ‘n sekere kerk daaroor uitlaat nie.

6. DIE BYBEL KAN JOU LEWE VERANDER

“Die opening van u woorde gee lig; dit maak die eenvoudiges verstandig.” – Psalm 119:130.

Deur die Bybel te bestudeer, maak jou verstandig, dit gee jou krag om vernietigende gewoontes te oorwin en help jou om fisies, verstandelik, moreel en geestelik te ontwikkel.

Die Bybel spreek tot die hart. Dit handel oor die ondervindinge van die mens – geboorte, liefde, huwelik, ouerskap en die dood. Dit genees die diepste wond in die menslike natuur, sonde, en die hartseer wat daarmee gepaard gaan.

God se Woord is nie ‘n boek vir een ras, een ouderdom, een nasie of een kultuur nie. Alhoewel dit in die Ooste geskryf is, het dit ook ‘n aantrekkingskrag vir manne en vroue van die Weste. Dit dring die wonings van die nederiges sowel as die paleise van die welgesteldes binne. Kinders is lief vir die opwindende verhale. Sy helde inspireer jong mense. Die siekes, die eensames, en die bejaardes ontdek daarin ‘n troos en hoop op ‘n beter lewe.
Omdat God deur die Bybel werk, het dit groot krag. Dit kan selfs harte wat verhard is teen alle menslike emosies, breek, deur dit sag te maak en met liefde te vul. Ons het gesien hoe die Bybel ‘n voormalige bandiet en opiumroker verander het in ‘n ywerige prediker . Ons het gesien hoe die Bybel ‘n leuenaar en ‘n verkuller verander het in ‘n eerlike en opregte onderwyser. Ons het ook gesien hoe hierdie Boek mense wat op die randjie van selfmoord gestaan het, weggeruk het en aan hulle ‘n hoopvolle nuwe begin gegee het. Die Bybel verwek liefde tussen vyande. Dit maak die trotsaards nederig en die selfsugtiges vrygewig. Die Bybel versterk ons in ons swakheid, beur ons op te midde van wanhoop, troos ons in hartseer, lei ons wanneer ons onseker is en versterk ons wanneer ons afgemat is. Dit wys ons hoe om manmoedig te lewe en hoe om sonder vrees te sterwe.
God se Boek, die Bybel, kan jou lewe verander! Jy sal dit al hoe duideliker opmerk terwyl jy voortgaan om die ONTDEK Gidse te bestudeer.

Waarom is die Bybel vir ons geskryf? Jesus antwoord:
"Maar hierdie (Bybelwaarhede) is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam." – Johannes 20:31.
Die grootste rede waarom ons vertroud moet raak met die Heilige Skrifte is omdat dit vol beelde is wat Jesus Christus openbaar en ons van die ewige lewe verseker. Deur na Christus te kyk deur die Bybel, word ons verander en word ons meer soos Hy. Waarom begin jy nie nou om die krag van God se Woord, wat jou meer soos Jesus kan maak, te ontdek nie?

Kopiereg © 2000 deur Die Stem van Profesie • Posbus 88, Kaapstad 8000